Is Covid-19 ’n teken dat die einde van die wêreld op hande is? – Hermie van Zyl

Gerugte doen soms op sosiale media die rondte dat die Covid-19-pandemie ’n teken is dat die einde van die wêreld aangebreek het. Dis nou net ’n kwessie van tyd. Want, word gesê, pandemies is deel van die tekens van die eindtyd waarvan ons lees in Lukas 21. Wat moet ons met dié gerugte maak? Moet ons dit ernstig neem?

Die antwoord hierop is *ja* en *nee. Ja*, Covid-19 ressorteer onder die “epidemies” waarvan in Lukas 21:11 sprake is, en as sodanig is dit ’n teken van die eindtyd. Maar *nee*, dis *nie* ’n teken van die einde soos die sosiale media dit voorhou nie; dis *nie* ’n aanmoediging om die dag en datum van die einde te probeer bereken nie; dis *nie* deel van die sensasie rondom Covid-19 nie; dis *nie* deel van die bangmaakstories wat ons bewend in ’n hoeke wil laat wegkruip, wagtend op die einde nie. Maar goed, indien mens jou nie aan die bangmaakstories hoef te steur nie, hoe móét ons dan hierdie Bybelgedeeltes wat oor die tekens van die eindtyd handel, vir vandag verstaan? (In hierdie bydrae sal spesifiek gekonsentreer word op Lukas 21 aangesien dit net hier – in Lukas 21:11 – is waar die woord “epidemie” as deel van die tekens van die eindtyd genoem word. Maar wat geld vir Lukas 21 geld *mutatis mutandis* ook vir die parallelle in Matteus 24 en Markus 13.)

Vooraf net eers twee inleidende opmerkings: Lukas 21 (en die parallelle in Matteus en Markus) is van die moeilikste gedeeltes in die Bybel om te verklaar, omrede: **a.** Daar is nie netjiese antwoorde vir elke stukkie detail nie. Tog is daar ’n groot mate van sekerheid oor die hooflyne van interpretasie. En dít is waarop ons sal konsentreer. **b.** Jesus se

oorspronklike profetiese uitsprake word deur die Evangelieskrywers enersyds getrou oorgelewer, maar andersyds aangepas vir hulle lesers, veertig tot vyftig jaar nadat Jesus op aarde hierdie uitsprake gemaak het. Ons sien hierdie aanpassings byvoorbeeld in hoe die Evangeliste verskil in hulle rapportering van Jesus se uitsprake – die basiese inligting is dieselfde, maar tog is daar verskille. En dis juis uit hierdie *verskille* dat ons agterkom waarin die beklemtoning of unieke boodskap lê wat elke Evangelieskrywer by sy lesers wou tuisbring. Dít is die werkwyse wat ons probeer volg in Lukas 21.

1. *Watter soort tekens is ter sprake?*

'n Mens kan die tekens soos volg klassifiseer:

- Vers 12-19: Die vervolging van die kerk (ek noem dit eerste, want volgens v12 gebeur v12-19 se tekens vóór dié van v8-11)
- Vers 8-11: Onrus onder die volke; natuurrampe
- Vers 20-24: Die val van Jerusalem en die tempel
- Vers 25-28: Kosmiese tekens direk voor die koms van die Seun van die mens

As mens die tekens mooi bekyk, is dit opvallend dat hulle baie algemeen of non-spesifiek is. Dit gaan hier oor rampe en swaarkry wat almal met reëlmaat in die wêreldgeskiedenis voorkom; daar is niks spesifiek of besonders aan hulle waaruit ons presiese berekenings kan maak oor wanneer einde sou aanbreek nie. Neem hulle maar almal:

- Aardbewings, hongersnood, oorloë, opstande, epidemies, vervolging van gelowiges, die val van groot en belangrike stede en vestings
- Kosmiese tekens: dinge soos sons- en maansverduisterings, komete wat kom en gaan, warmer en kouer tydperke, ensovoorts, kom gereeld voor

Al dié "tekens" het nog altyd voorgekom, en steeds staan die

aarde! So, hoe kan ons uit hulle enigiets aflei omtrent wanneer die einde presies sal kom? Geen wonder nie dat Jesus waarsku oor misleiding: Pas op dat julle nie mislei word nie; pasop vir die vals profete wat sê: “Dit is ek; die tyd het aangebreek” (v8). En in v9 waarsku Hy verder dat dit nog nie dadelik die einde is nie. Die punt wat Jesus maak, en later ook Lukas aan sy lesers, is: Moenie op loop sit nie; moenie berekenings probeer maak nie; moenie angstig raak nie; moenie God se raad probeer peil nie. Dis nie waarvoor die tekens bedoel is nie; die bedoeling lê elders (later meer hieroor).

Ons moet dus nie ons ore uitleen aan sensasiesoekers vandag wat mense op ’n knop probeer jaag met bangmaakstories oor die einde van die tyd wat op hande is nie: dit berus nie op goeie Bybeluitleg nie.

2. *Katastrofes is deel van die wêreld waarin ons leef*

Covid-19 het die hele wêreld in sy greep, dis ’n katastrofe van wêreldomvang; geen wonder nie dat mense dink dis die einde van die tyd. En dit kwalifiseer ongetwyfeld as een van daardie “epidemies” waarvan Lukas 21:11 praat as teken van die eindtyd. Maar dit beteken nie dat ons aan elke aardse katastrofe ’n apokaliptiese kleur moet gee wat ons met angs en bewing vervul en verlam laat nie. Dis gewoon onverantwoordelik; dis vals profesie. Dan tree ons op soos sommige mense wat op ’n histeriese manier van elke ding wat verkeerd loop by die huis of by die werk ’n verskriklike ding maak, dit buite alle proporsies opblaas en net die ergste verwag. Ons hoor dikwels sulke mense sê: Dis nou die einde van hierdie huis of verhouding of besigheid. In plaas daarvan dat hulle sê: Kom ons maak dinge reg wat verkeerd geloop het sodat ons beter kan funksioneer in die toekoms; kom ons beskou dit as ’n geleentheid vir leer en groei. Dus, in stede daarvan om gebeure te “apokaliptiseer”, moet ons dit eerder sien as deel van die lewe en dit afbreek na hanteerbare groothede.

’n Goeie voorbeeld van ’n aardse katastrofe wat Lukas so

weergee dat dit nie net ’n teken van die eindtyd is nie, maar ook as deel van die verloop van die lewe gesien moet word, is die lotgevalle van Jerusalem (v20-24). Jerusalem (en die tempel) is deur beide Jode en Jode-Christene beskou as ’n vesting van veiligheid en sigbare teken van God se teenwoordigheid in hulle midde. Solank Jerusalem en die tempel staan, is alles wel; maar die einde van Jerusalem sou so ongeveer gelyk wees aan die einde van wêreld. In v20-24 handel Lukas nou oor Jerusalem en die tempel se einde. Maar, ons moet onthou, soos reeds aan die begin genoem, die Lukasevangelie is geskryf ná die verwoesting van Jerusalem en die tempel deur die Romeinse leër van generaal Titus in 70 nC. Lukas verstaan en rapporteer Jesus se woorde dus in die lig van hierdie historiese gebeure. Vir sy lesers was dit reeds bekende gebeure wat deel van die geskiedenis geword het.

Verder, hierdie gedeelte (v20-24) kom nie só uitgebreid voor by Matteus en Markus se parallelle nie. Dis nou een van daardie verskille tussen die Evangelies waaruit dit duidelik blyk dat Lukas hierdie katastrofe meer as die ander Evangelies beklemtoon. Ons kan dit so verstaan: Lukas gebruik Jesus se profesie oor die verwoesting van Jerusalem om te sê dat Jesus se profesie reeds in vervulling gegaan het. En almal weet – ook sy lesers – hoe katastrofies Jerusalem se val beleef is. Dit was ’n skok vir die geloof; mense het gedink dis die einde van die wêreld; hulle kon hulle nie die pad met God sonder Jerusalem en die tempel voorstel nie. Dit was die einde van die “normale lewe” soos hulle dit geken het. En tog, na alles was dit toe *nie* die einde van die wêreld nie; die lewe het voortgegaan. Trouens, daardie gebeure het deel van die geskiedenis geword; dit het hulle “nuwe normaal” geword. Hulle het geleer om sonder die geestelike stabiliteit en veiligheid wat Jerusalem gebied het, voort te gaan. Hulle het geleer om die toekoms in God se hande te laat en nie op ’n alarmerende manier dinge vooruit te loop nie

So moet ons ook oor Covid-19 dink. Ja, dis ’n katastrofe; dit

het alles verander; niks is meer dieselfde nie. Dit voel of al ons sekerhede en stabiliteit daarmee heen is; alles is op losse skroewe: ’n Mens kan niks beplan nie, want netnou het ons ’n derde vlaag van die virus en dan is alles weer op sy kop gekeer. Maar ons leer ook hoe om daarmee saam te leef; dat die lewe vol onsekerhede en broosheid is; dat dít is hoe die lewe, die geskiedenis is; dat dit nie die einde van die wêreld is nie; dat die lewe voortgaan. Ons leer ons moet eerder op die uitkyk wees vir die nuwe geleenthede wat God vir ons oopmaak as om te konsentreer op wat ons verloor het.

En dit bring ons by die eintlike betekenis van die tekens van die tyd.

3. *Opskerping tot waaksaamheid en roeping op aarde*

Ek het vroeër gesê: Die doel van die tekens is nie om ons angstige berekenings te laat maak of te verlam vir die lewe nie. Maar wat *is* die doel dan? Kort gesê: Die doel van die tekens is om ons op te roep tot voortdurende bekering. Bekering waartoe? Die eenvoudige antwoord is – tot **waaksaamheid** en **roepingsvervulling**.

Waaksaamheid: Nadat oor die tekens van die eindtyd gehandel is, kom v34-36 tot die slotsom: Wees op julle hoede. Wat behels dit? Twee dinge: wegkeer en toekeer.

- Wegkeer: Bly weg van onmatige etery en drinkery, en moenie toelaat dat julle deur die sorge van die lewe afgestomp word nie, sê v34.
- Toekeer: Wees waaksaam; bid altyddeur, sê v36, dit wil sê: lewe in voortdurende gemeenskap met God.

Dus, die doel van die tekens is nie om ons in koorsagtige angs en benoudheid oor die aanstaande einde te dompel nie, maar om ons uit te bring by die alledaagse lewe: ’n voortdurende wegkeer van die sonde en ’n toekeer na God. So berei ons voor op die einde – of dit nou die wederkoms of ons persoonlike einde (die dood) is.

Roepingsvervulling: Vers 24b is hier belangrik: “Jerusalem sal deur die heidennasies vertrap word *totdat ook hulle tyd verby is*”. Letterlik staan daar: “… totdat die tyd van die nasies vervul is”. Hierdie frase kan op verskillende maniere verstaan word, maar een betekenis is duidelik: met die val van Jerusalem word die nasies tot op die drempel van die gelowiges gebring, bedoelende: die tyd vir die evangelieverkondiging aan die nasies het nou aangebreek. Dis die taak van die kerk. Ja, vir seker sal dit allerlei probleme en moeilikheid inhou, soos in v12-19 beskryf word: vervolging, opsluiting, gevangenisskap, selfs verdeeldheid in eie geledere. Maar terselfdertyd is dit ook ’n geleentheid om te getuig. En hierdie verhaal van getuienislewering word deur Lukas in die boek Handelinge beskryf. Baie geleerdes sê dat Lukas 21:12-19 ’n subtiele verwysing daarna is. Wat Lukas in hierdie verse net op sinspeel, word in Handelinge volledig beskryf. En vir hierdie taak durf die kerk nie wegskram en terugdeins nie, want ons sal die woorde van wysheid daarvoor ontvang (v15). Ons moet maar net die geleenthede raaksien en te baat neem. Ons moet daarmee volhard totdat hierdie taak ook afgehandel en “die tyd van die nasies vervul is”. Soos Matteus 24:14 dit stel: Hierdie taak moet voortgaan totdat almal die evangelie gehoor het. En eers dan sal die einde kom.

Dít is waartoe die tekens van die tyd ons oproep: verbintenis tot die lewe, ’n lewe saam met God op aarde. En so is ons gereed wanneer die einde kom. Dis amper soos dit gegaan het met die meisies in die gelykenis van die tien meisies wat wag op die bruidegom om te kom (Matteus 25:1-13). Wanneer die Bruidegom kom, moet jou lampie brand. En die manier hoe ons ons lampies aan die brand hou, is om besig te wees met die dinge van die koninkryk van God. Dan is jy gereed vir die einde. ’n Mens is gereed deur gereed te *lewe*.

Want die einde sál kom.

4. *Tekens van die tyd is tekens van die koms van die koninkryk*

Die waarheidselement in die standpunt dat Covid-19 ’n teken van die naderende einde is, is dat dit inderdaad ’n teken van die einde is. Al die tekens wat in Lukas 21:8-28 genoem word, word afgesluit en saamgevat met die woorde van Jesus in v29 wanneer Hy die tekens vergelyk met wat met die vyeboom gebeur: As dié begin uitloop, is dit ’n teken dat die somer naby is. Net so is die tekens van die tyd ’n aanduiding dat God se somer – die finale koms van sy koninkryk – aan die kom is. Dis net, hierdie finale koms kan nie bereken word nie; dis nie ons taak nie, dit word deur God bepaal. En omdat ons nie weet wanneer die einde kom nie, is die einde altyd naby. Die nabyheid van die finale inbreek van die koninkryk van God is dus ’n blywende eienskap van die koninkryk. En dis al so sedert die eerste koms van Jesus wat “geëindig” het met die hemelvaart van Jesus. Van toe af is die tweede koms – of wederkoms – van Jesus naby (vgl die belofte in Handelinge 1:11). Van toe af lewe ons in die eindtyd. En elke keer as mens die tekens van God se komende somer waarneem, dan word jy daaraan herinner: die einde is aan die kom, dit is naby.

Daarom, katastrofiese gebeure – soos Covid-19 – ruk ons uit ons daaglikse groef, roetine en vals sekerhede en rig ons oë opnuut op wat kom: die einde. Ook Jerusalem se einde, soos beskryf in v20-24, het hierdie betekenis gehad: dit was tegelyk deel van die geskiedenis én teken van die einde. Let op hoe v24 naatloos oorgaan na v25-28 waar die einde – die koms van die Seun van die mens – beskryf word. Daarmee wil Lukas sê: so seker as wat die profesie van Jesus omtrent die val van Jerusalem in vervulling gegaan het en die lesers dit beleef en dit deel van die geskiedenis geword het, so seker sal die belofte omtrent die wederkoms van Christus in vervulling gaan. Jerusalem se val het so ’n teken en simbool van die sekerheid van die wederkoms geword.

So ook met Covid-19: Die geweld waarmee hierdie pandemie ons tot stilstand geruk en ons hele lewe op sy kop gekeer het, is ’n seker teken van die totale omkeer wat die wederkoms van

Christus teweeg sal bring. Die bedoeling is egter nie dat ons op loop gejaag word en in allerlei berekenings verval of totaal verlam raak nie. Dit sou ’n verkeerde lees van hierdie teken wees. Nee, die korrekte lees hiervan is dat dit ons uitdryf na die lewe – na ’n wegkeer van die sonde, na ’n lewe in verbondenheid aan God en sy Woord, na ons daaglikse taak en roeping op aarde. Dit roep ons op om voortdurend gereed te lewe.

As Covid-19 dít by ons bewerk, het ons dié teken reg gelees.

Skrywer: Prof Hermie van Zyl

Die ontstaan van die Nuwe Testament – Francois Malan

Ronel vra:

Noem die vier stadiums waarop boeke in die NT opgeneem is.

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

Die boeke van die Nuwe Testament is nie eintlik in ’n bestaande boek opgeneem nie, maar die boek het ontstaan uit die verskillende boekrolle wat met die hand geskryf is, waarvan die gesag van die Here se woord in die boeke deur die gemeentes beleef en aanvaar is. Die vooraf stadium was die mondelinge vertelling deur sy apostels en oorvertelling daarvan in die gemeentes van die woorde van Jesus en die verhale oor Jesus se optrede, sy kruisiging, dood, opstanding

en hemelvaart, en die verwagting van sy wederkoms wat Hy voorspel het. Die eerste stadium is die erkenning van die basiese getal geskrifte as die norm vir die geloof en lewe van die Christene. Die Nuwe Testament is ’n versameling van 27 boeke wat deur verskillende persone op verskillende tye geskryf is, aan verskillende persone en gemeentes, onder verskillende omstandighede. Die geskrifte is onder leiding van die Heilige Gees met die hand geskryf en deur die ontvangers as die Woord van God aanvaar. Die briewe wat die apostels aan gemeentes geskryf het gehandel oor spesifieke probleme en onduidelikhede wat in gemeentes ontstaan het. Met verloop van tyd het gemeentes kopieë vir hulle gemaak van briewe wat by ander gemeentes ontvang is. So het ’n gemeente bv. ’n geskrif ontvang waarvan ’n ander gemeente ’n afskrif gemaak het. Paulus sê bv. aan die gemeente in Kolosse: ‘En wanneer hierdie brief by julle voorgelees is, sorg dat dit ook in die (buur-) gemeente Laodisea voorgelees word, en dat julle ook die brief wat van Laodisea af kom, voorlees (Kol 4:16). So het sommige gemeentes ’n aantal boekrolle gehad wat Paulus geskryf het, en wat hulle saam met rolle van die Griekse vertaling van ’n aantal van die boeke van die Ou Testament in hulle eredienste gebruik het. Op verskillende tye is die boekrolle in verskillende gemeentes aanvaar as die Woord van God, die maatstaf (kanon) vir hulle lewe, voordat dit onderskei is van baie ander geskrifte. 2 Petrus 3:16 verwys na al Paulus se briewe, wat wys dat daar reeds vroeë versamelings van party van sy briewe gemaak is. Die briewe van Paulus was almal klaar geskryf voordat die Evangelies geskryf is. Die Evangelieskrywers het later die woorde en werke van Jesus op versoek van gemeentes saamgestel uit die apostels se ervarings van Jesus en wat hulle aan hulle helpers vertel of voorgedra het. Dit is saam met die voorlesing uit die Ou Testament in die gemeentes gelees. Terwyl die Ou Testament se wet en profete die eintlike bron vir die leiding van die gemeentes was (vgl. Matt 5:17; 2 Tim 3:15-17), het die geskrifte van die apostels al wyer bekend geword en die maatstaf vir die gemeentes geword saam met die Ou Testament. Ook ander

geskrifte deur kerklike figure is later in die eredienste gelees, soos Ignatius se briewe aan die Filippense, 1 Klemens in Korinthe, die Polikarpusbrief, ens. Hulle het egter nie dieselfde gesag gehad as die geskrifte wat van apostels af gekom het nie. Later moes die gemeentes leiding kry oor watter boeke die fondament vir die geloof van die gemeentes is en watter net goeie leesstof, wat nie dieselfde gesag het nie. In die tweede helfte van die 2e eeu n.C. was daar al versamelings van die vier Evangelies, Paulus se briewe., 1 Petrus en Hebreërs. Die tweede stadium die totstandkoming van die idee van ’n kanon van die boeke van die Nuwe Testament was die geleidelike aanvaarding daarvan as die Woord van God, deur die gemeentes, en die vervanging van die mondelinge tradisie met dié geskrifte. Terwyl die vroegste skrywers soos Klemens (96 n.C), Didache (95-120 n.C.), Ignatius (ongeveer 110 n.C.), Barnabasbrief (135 n.C.) woorde van Jesus aanhaal, berus hulle uitsprake meer op die mondelinge tradisie wat hulle hoër ag as die geskrewe woord. Papias (135 n.C.) verkies ook die mondelinge tradisie maar weet skynbaar van Markusevangelie en sekere woorde (logia) van Matteus. In 140 n.C. word enkele aanhalings uit die Evangelies gemaak in die 2e brief van Klemens. Teen 165 n.C. word telkens verwys na die Evangelies as bron deur Justinus die Martelaar. Daar was ’n groeiende erkenning van die normatiwiteit van die Nuwe Testamentiese geskrifte van ongeveer 95-165n.C. Die derde stadium (150-190 n.C) die afgrensing van die kanon teenoor die apokriewe geskrifte wat in die naam van die apostels geskryf word met legendes oor Jesus, Paulus en ander apostels, en die openbaringsaansprake van die Montaniste, wat hulle nuwe openbarings naas die Nuwe Testamentiese boeke as gesaghebbend beskou. Ireneüs en Athenagoras (albei 180 n.C.) staan by die oorgang van die tweede na die derde stadium. Die Nuwe-Testamentiese geskrifte word deur hulle as gelykwaardig aan die Ou Testament se boeke beskou en hulle het die Nuwe-Testamentiese geskrifte as maatstaf (kanon) gebruik in hulle stryd teen die ketters. Teofilus van Antiochië noem die Johannesevangelie as Heilige Skrif. Met die groot aantal boeke

wat in die tweede helfte van die 2e eeu geskryf is en afwykende leringe verkondig het, het dit noodsaaklik geword dat die kerk aanwys watter boeke as maatstaf (kanon) vir die kerk en prediking gebruik kan word. In 144 n.C. stel Marcion sy lys van aanvaarbare boeke op. Hy verwerp die Ou Testament as ’n Joodse boek met hulle wet en geregtigheid deur wetswerke en minderwaardige aardse bindinge, en stel die evangelie van die liefdevolle en barmhartige God op wat slegs deur Paulus reg verstaan is. Van die Evangelies behou hy net die ‘nie-Joodse’ Evangelie volgens Lukas en tien briewe van Paulus, maar suiwer die Evangelie en Paulus se briewe van alle Joodse invoegings. Dit ontlok ’n wye reaksie wat die idee van ’n kanon gestimuleer het. Die vierde stadium is die afsluiting van die Nuwe Testamentiese kanon van ongeveer 190 n.C. tot die vyfde eeu. Die kanon Muratori wat moontlik rondom 200 n.C.in Rome geskryf is oor verskillende geskrifte praat van erkende of aanvaarbare geskrifte vir gebruik in die erediens. Die eerste Griekse skrywer wat die naam ‘Nuwe Testament’ gebruik is Klemens Aleksandrinus (dood voor 215 n.C.) en sy opvolger Origenes (185-254 n.C.); die eerste Latynse skrywer is Tertullianus. Hulle verwys na die Ou Testament en die Nuwe Testament. Die aantal boeke waarna hulle verwys is meer as die huidige 27. Atanasius van Alexandrië se nege-en-dertigste Paasbrief in 367 n.C. aan die gemeentes in sy metrogebied bevat presies dieselfde 27 boeke van ons huidige Nuwe Testamentiese kanon, en noem dit ook die kanonieke boeke (wat die maatstaf is vir die kerk) teenoor die nie-kanonieke boeke. Sy invloed in die Oosterse en Westerse kerk was so groot dat sy kanon groot instemming en navolging gevind het. Die sinode van Rome 382 n.C. het die 27 boeke van die Nuwe Testament as kanoniek aanvaar, so ook die sinodes van Hippo Regius 393 n.C. en Karthago (397 n.C.). Pous Innosensius het in 405 n.C. gesê die kerk erken al 27 boeke as die kanon vir die kerk. (In 1546 het die Roomse konsilie van Trent die Bybelkanon as ’n geloofsartikel aanvaar. Dit het die inhoud van hulle Vulgata as hulle maatstaf gebruik, nl. die Ou Testamentiese Boeke, die Ou Testamentiese Apokriewe en die Nuwe Testament. Die

Nederlandse Geloofsbelydenis van 1561 het die Ou Testament se 39 boeke en die Nuwe Testament se 27 boeke as kanoniek bely, en dat die Ou Testamentiese apokriewe wel gelees mag word en daaruit geleer word, maar dit het geensins die krag om die geloof van die Christelike godsdiens te bevestig nie. Dié geloofsbelydenis is in 1619 deur die Dordtse sinode aanvaar om alleen as outentiek gehou te word).

Skrywer: Prof Francois Malan

God se skepping – Lodewyk Sutton

Daan vra:

Wie/Wat is reg ?
Ek as gelowige Christen word gekonfronteer met dat evolusie die WAARHEID is.

Antwoord

Lodewyk Sutton antwoord:

Die skeppingsverhale in die Ou Testament is werklik besonders. Dit is van die mooiste omskrywings van die skepper God van Israel. Dit is sekerlik die eerste gedagte wat ons moet besef wanneer ons begin praat oor die skepping. Dat daar nie slegs een skeppingsverhaal in die Ou Testament is nie. Daar is menigte, onder ander: Gen 1; Gen 2; Job 9, 34-38, 39-42, Pss 8, 19, 33, 65, 104, 139, Spr 8 en nog baie meer. Hierdie tekste se verhale verskil in hul inhoud en omskrywing van die skepping. Kyk maar net hoe verskil die Genesis 1 verhaal van

die Genesis 2 verhaal.

Dit bring ons by ons tweede belangrike gedagte. Dat ons moet besef dat die skeppingsverhale tekste is wat geskryf is in verskillende skryfstyle of anders gestel genres. Van hulle is narratiewe, van hulle is poëtiese tekste of ’n kombinasie. Dit maak dat hoe ons elkeen van hierdie tekste moet benader, ook verskil.

Dit bring ons by die derde gedagte. Dat hierdie tekste deur verskillende skrywers, in verskillende tye as gevolg van verskillende kontekste geskryf is. Alhoewel die Genesis 1 teks deel is van die oer tekste in Genesis 1-11, beteken dit glad nie dat die teks noodwendig so oud is nie. Die teks het in alle waarskynlikheid eers sy ontstaan gekry na die Babiloniese ballingskap, met ander woorde na 586vC. Die konteks van die ontstaan van die teks (rede vir ontstaan) is die ballingskap en die reaksie van die priesters op die ander skeppingverhale van die antieke Nabye Ooste. Daarom is die Genesis 1 teks ’n pragtige teologiese geloofsbelydenis oor God. Die Genesis 1 teks se fokus is nie om ’n historiese omskrywing te kom bied oor hoe God die aarde geskape het nie, maar handel eerder oor wie die God is wat die aarde geskape het. In ander woorde nie die hoe nie, maar die wie. As dit oor die hoe sou gaan bring dit ons by ’n probleem wanneer ons besig is met die ander skeppings verhale in die Bybel. Die een kan tog nie reg wees en die ander verkeerd nie. Daarom moet ons besef dat ons is besig met ’n teologiese teks wat deur die narratief of poëtiese taal kom verduidelik oor wie is die skepper God.

Dit bring ons by ons vierde gedagte, die verhouding tussen Genesis 1 en evolusie. Genesis 1 is ’n teologiese teks wat vir ons verduidelik wie die skepper God is, terwyl evolusie ’n natuurwetenskaplike teorie is oor hoe die aarde en heelal tot stand gekom het. Net soos wat die Genesis 1 teks nie verduidelik hoe die aarde geskape is nie, net so kan die wetenskaplike teorieë nie kom en verduidelik wat die teologiese belydenis omtrent God moet wees nie. Indien ’n

persoon dit sou verduidelik in terme van sport sou jy kon sê dat jy nie krieket met rugby reëls kan speel nie of andersom. So sou mens nie met die Genesis 1 teks kon sê dat evolusie nie ’n moontlike teorie vir die totstandkoming van die heelal is nie. So ook sou natuurwetenskaplikes nie kon sê as gevolg van evolusie dat God nie bestaan nie. Die skeppingsverhale in die Bybel kom en bely wie die skepper God is. Die fokus is nie om te verduidelik hoe God dit gedoen het nie, daarop sou die natuurwetenskaplikes vir ons ’n beter antwoord of moontlikehede kan bied. Daarom hoef die twee nie teenoor mekaar te staan nie.

Skrywer: Lodewyk Sutton

Oorlog – Jan van der Watt

Pieter vra:

Is oorlog tussen lande sonde?

Antwoord

Prof Jan van der Watt antwoord:

In die Nuwe Testament word passifisme sterk voorgestaan. Neem byvoorbeeld Openbaring: daar word nêrens gesê dat gelowiges wapens moet opneem as hulle vervolg word nie. Hulle enigste wapen is die Woord en die verkondiging daarvan (vgl. hf. 11). God sal verder sorg vir geregtigheid en oordeel en sal vir sy volk sorg (hf. 12 – nie een van hulle sal skade aangedoen word nie – hf. 14:1-3) – Jesus is immers altyd by sy gemeentes (hf. 2-3).

Jesus self neem nooit ’n wapen op om die Romeine omver te werp nie. As Petrus Malgus se oor afkap om Jesus te probeer beskerm, dat berispe Jesus hom en maak Malgus gesond. Ons lees ook nie van Paulus of Petrus wat geweld aanstig of oproep tot oorlog nie.

Dit is die een kant van die saak. Die ander kant is dat party meen dat Jesus self blykbaar geweld gebruik as Hy die handelaars met hulle diere met ’n swepie uit die tempel uitjaag (vgl. Joh 2:15). Sommige verklaarders meen egter dat die swepie nie vir die mense bedoel was nie, maar vir die diere, wat beteken dat Jesus nie so gewelddadig teenoor die mense was nie. Dit lyk moontlik omdat die Joodse ‘polisie’ Hom glad nie keer nie. Die ander gedeeltes waarna mense wys om geweld te regverdig is dat Jesus sê Hy het nie vrede gebring nie, maar geweld en die swaard. Pa’s sal seuns oorgee om doodgemaak te word, en omgekeerd, ma’s hulle dogters ens. (vgl. Mat 10:27-36). Die gedeeltes verwys egter na ongelowige familielede wat gelowiges gaan vervolg en verwerp en nie omgekeerd nie. Gelowiges moet getrou bly aan Jesus te midde van sulke gedrag van die kant van die ongelowiges.

Nou is daar verwysings na oorloë op plekke in die Nuwe Testament waar daar van die einde van die tyd gepraat word (bv. Mat 24:6; Mk 13:7-8). Dit sal tekens wees dat die einde van die tyd oppad is, hoewel dit nog nie die einde is nie. Dit is egter duidelik dat die oorloë nie die Christene is wat oorlog maak nie, maar dat dit tekens is van die bose wat net voor die laaste oordeel verwoed gaan losbars. Daarom word daar gesê dat die oorloë daar moet wees – eintlik was oorloë nog altyd daar omdat die wêreld nog altyd aan boosheid blootgestel is.

In die Ou Testament word daar baie van oorloë en gevegte gepraat. God beveel selfs sy volk om oorlog te maak teen volke wat teen God is. Met die koms van Jesus het die Vredevors egter gekom en sy volgelinge kom leer om in vrede en liefde met mekaar saam te leef. Hulle moet nie onder mekaar baklei

nie (bv. Kol 3:12-17) en moet dus ook nie oorlog onder mekaar maak nie. Dit sou teen God se wil (en dus sonde) wees. As ongelowiges oorlog maak is dit onder andere ’n teken van hulle ongelowigheid en strewe om te heers en hulle mag te laat geld.

Nou moet genoem word dat teoloë deur die eeue in die kerk baie oor hierdie saak gedebateer het en die opinies het in alle rigtings gegaan. ’n Sterk siening is dat oorlog nie goed is nie, maar as ’n mens se lewe of besittings bedreig word, mag jy dit verdedig. Selfverdediging of om die slegte te beveg is dus volgens hierdie teoloë geregverdig. Jesus se dissipels dra wel twee swaarde, maar dit is vir selfverdediging en nie om met ander ‘oorlog te maak’ nie (Luk 22:38).

Om dus saam te vat: vanuit die perspektief van die Nuwe Testament moet gelowiges nie oorlog maak nie en moet hulle die wraak aan God oorlaat, veral as hulle as Christene vervolg word. Baie toeloë meen egter dat as jou lewe deur die ‘bose’ onregverdig bedreig word, het jy die reg om dit te beskerm.

Skrywer: Prof Jan van der Watt